"Council" means the Town Council of Westonaria and includes the Management Committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"cremation" means the disposal of a body by means of incineration;

"director" means the person appointed by the Council as Director of Parks and Recreation or his duly authorized representative;

"Garden of Remembrance" means a section of a cemetery which has been set aside by the Council for the interment of ashes;

"grave" means any piece of land laid out for the interment of one or two bodies within any cemetery, in respect of which the exclusive right to inter has been purchased;

"Jewish cemetery" means a section of a cemetery which has been set aside by the Council for the burial of persons of the Jewish faith;

"Medical Officer of Health", means the medical officer of health of Westonaria Municipality or any officer authorized by him;

"Bantoe" iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaan;

"begraafplaas" enige stuk grond wat behoorlik deur die Raad as 'n publieke begraafplaas aangewys is vir die teraardebestelling van Blankes, soos in hierdie verordeninge omskryf;

"berm" 'n betonstrook wat die Raad langs 'n ry grafte giet;

"Blanke" iemand wat —

(a) volgens voorkoms klaarblyklik 'n Blanke is en nie gewoonlik vir 'n Gekleurde deurgaan nie; of

(b) gewoonlik vir 'n Blanke deurgaan en nie volgens voorkoms klaarblyklik nie 'n Blanke is nie; maar nie ook iemand wat vir die doeleindes van sy klassifikasie ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, vry en bereidwillig erken dat hy wat sy voorkoms betref 'n Bantoe of 'n Gekleurde is, tensy daar bewys word dat die erkenning nie op feite gegrond is nie.

"direkteur" die persoon wat deur die Raad as Direkteur van Parke en Ontspanning aangestel is of sy behoorlik-gemagtigde verteenwoordiger;

"gedenkwerk" enige grafsteen, afskutting, omheining, monument, gedenkteken, opskrif of ander werk opgerig of wat op enige graf opgerig kan word;

"Gekleurde" iemand wat nie 'n Blanke of Bantoe is nie;

"Geneeskundige Gesondheidsbeampte" die geneeskundige gesondheidsbeampte van die Munisipaliteit Westonaria of enige beampte deur hom aangewys;

"graf" enige stuk grond uitgelê vir die teraardebestelling van een of twee lyke binne enige begraafplaas, waarvoor die uitsluitlike reg om daarin te begrawe, gekoop is;

"Joodse begraafplaas" 'n gedeelte van 'n begraafplaas wat deur die Raad afgesonder is vir die teraardebestelling van persone van die Joodse geloof;

"kind" 'n afgestorwe persoon van die ouderdom van 12 jaar en onder, van wie die doodkis sal pas in die grafopening in artikel 18 vir kinders voorgeskryf;

"kontraktant" die persoon wat enige van die gelde voorgeskryf ingevolge Bylae A hierby betaal of laat betaal het of wat enige van die regte in hierdie verordeninge uiteengesit verkry het, of wat die reg verkry het om enige gedenkteken te laat oprig of bou of wat enige ander regte of belange in hierdie verordeninge vermeld of genoem, verkry het;

"lyk" die fisiese oorblyfsels of weefsels van 'n mens en sluit 'n doodgebore kind in;

"munisipaliteit" die gebied of distrik geplaas onder die beheer en regsbevoegdheid van die Stadsraad van Westonaria;

"opsigter" die amptenaar wat van tyd tot tyd in 'n toesighoudende hoedanigheid ten opsigte van die Begraafplaas deur die Raad aangestel word en omvat ook superintendent;

"perseel" 'n stuk grond wat vir twee of meer grafte aangelê is en ten opsigte waarvan die reg om te begrawe ingevolge hierdie of enige vorige verordeninge verkry of gereserveer is;

"memorial work" means any tombstone, railing, fencing, monument, memorial, inscription or other work erected or which may be erected on any grave;

"municipality" means the area or district place under the control and jurisdiction of the Town Council of Westonaria;

"plot" means any piece of ground laid out for two or more graves and in respect of which the right to inter in has been obtained or reserved in terms of these or any previous by-laws;

"Registrar of Deaths" means a person appointed by the Government to register deaths;

"Town Clerk" means the Town Clerk of the Westonaria Municipality or any person acting in such capacity;

"White" means any person who —

(a) in appearance obviously is a White person and who is not generally accepted as a Coloured person; or

(b) is generally accepted as a White person and is not in appearance obviously not a White person; but does not include a person who, for the purpose of his classification in terms of the Population Registration Act, 1950, freely and willingly admits that he is a Bantu or Coloured in appearance, unless it is proved that the admission is not based on fact.

*Establishment of Cemeteries.*

2.(1) The Council may from time to time set apart any ground for the purpose of a cemetery and no person shall inter or cause any body to be interred in any other place in the municipality.

(2) The Council may reserve any cemetery or part of any cemetery for the burial only of persons of the Jewish faith.

(3) The Council may exempt from the application of any provision of these by-laws as it may think fit any area of ground reserved in terms of subsection (2) or the burials taking place therein.

*Cremation.*

3.(1) No person shall dispose of a body in any other manner than by interring it in a cemetery or having it cremated in a crematorium approved in terms of the provisions of the Crematorium Ordinance, 1965.

(2) The remains of a body (hereinafter called the ashes) cremated at a crematorium within or outside the boundaries of the municipality, may be interred in the Garden of Remembrance on payment of the charges prescribed in Schedule A hereto.

*Hours of Admission for Visitors.*

4.(1) Every cemetery shall be open to the public during the hours 08h00 and 18h00: Provided that the Council shall have the power to close to the public any cemetery or part thereof for such period as it may deem fit if it is, in the opinion of the Council, in the interest of the public.

(2) No person shall be or remain in any cemetery or part thereof before or after the hours mentioned in subsection (1) or during any period when it is closed to the public.

"Raad" die Stadsraad van Westonaria en omvat die Bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960) aan hom gedelegeer is;

"Registrateur van Sterfgevalle" 'n persoon wat deur die Regering aangestel is om sterfgevalle te registreer;

"Stadsklerk" die Stadsklerk van die Munisipaliteit Westonaria of iemand wat in daardie hoedanigheid optree;

"teraardebestelling" begrawing onder grond of enige ander vorm van graflegging en omvat die verassing of enige ander manier van wegdoening van 'n lyk;

"teraardebestellingsorder" 'n order wat kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), uitgereik word;

"Tuin van Herinnering" 'n afdeling van die begraafplaas wat deur die Raad afgesonder is vir die begrawing van asse;

"verassing" die wegdoening van 'n lyk by wyse van verbranding;

"volwassene" (waar die woord gebruik word om 'n lyk te omskryf) 'n afgestorwe persoon bo die ouderdom van 12 jaar van wie die doodkis sal pas in die grafopening vir volwassenes in artikel 18 omskryf.

*Stigting van Begraafplase.*

2.(1) Die Raad kan van tyd tot tyd enige grond vir die doel van 'n begraafplaas afsonder en niemand mag 'n lyk begrawe of laat begrawe in enige ander plek in die munisipaliteit nie.

(2) Die Raad kan enige begraafplaas of 'n gedeelte daarvan, afsonder en bepaal dat slegs persone wat aan die Joodse geloof behoort, daar begrawe kan word.

(3) Die Raad kan enige stuk grond wat ingevolge die bepalings van subartikel (2) afgesonder is, of die teraardebestellings wat daarin plaasvind, na goeddunke, van die toepassing van enige bepaling van hierdie verordeninge vrystel.

*Verassing.*

3.(1) Niemand mag 'n lyk op enige ander wyse wegdoen nie as om dit te begrawe in 'n begraafplaas of te laat veras in 'n krematorium goedgekeur ingevolge die bepalings van die Krematoriumordonnansie, 1965.

(2) Die oorskot van 'n lyk (hierna genoem asse) wat in 'n krematorium binne of buite die grense van die munisipaliteit veras is, kan teen betaling van die gelde in Bylae A hierby voorgeskryf, in die Tuin van Herinnering begrawe word.

*Toegangsure vir Besoekers.*

4.(1) Elke begraafplaas word aan die publiek oopgestel gedurende die ure 08h00 en 18h00: Met dien verstande dat die Raad die bevoegdheid het om, indien dit na sy mening in die openbare belang is, enige begraafplaas of gedeelte daarvan vir sodanige tydperk as wat die Raad goedvind, vir die publiek sluit.

(2) Niemand mag in 'n begraafplaas of gedeelte daarvan wees of aanbly nie voor of na die ure genoem in subartikel (1) of gedurende enige tydperk wanneer dit vir die publiek gesluit is.

*Children.*

5. No person under 12 years of age may enter any cemetery unless such person is under the care of a responsible person.

*Keeping to Paths.*

6. All persons shall only use the roads, walks, and turfed paths provided in the cemetery.

*Bantu and Coloureds.*

7. No Bantu or Coloured person shall enter or be within any cemetery without the permission of the caretaker.

*Entrances to and Exits from Cemeteries.*

8. No person shall enter or leave any cemetery except by the gates provided for that purpose, and no person shall enter any office or fenced place in a cemetery except in connection with lawful business.

*No Person shall Distribute Tracts or Advertisements.*

9. No person shall solicit any business, order or exhibit, distribute or leave any tracts, business cards or advertisements within any cemetery or shall use any road, walk or turfed path in a cemetery for the conveyance of any goods, parcels or other material, except when intended for such use in such cemetery.

*Sitting or Climbing on Memorial Works Prohibited.*

10.(1) No person shall sit, stand or climb upon or over any memorial work, gate, wall, fence or building in any cemetery.

(2) Any person who sits, stands or walks on or over any grave or memorial work shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100, or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

*Prohibited Acts within Cemeteries.*

11. No person shall —

(a) commit any nuisance within any cemetery;

(b) ride any animal or cycle within any cemetery;

(c) bring any dog, cat, fowl or other animal (except as contemplated in section 29) or bird into a cemetery or allow it to wander therein. Any dog, cat, fowl, or other animal or bird found in any cemetery may be destroyed by the Council without paying any compensation to the owner thereof;

(d) plant, cut, pick or remove any plant, shrub or flower without the permission of the caretaker;

(e) hold or take part in any demonstration in any cemetery;

(f) disturb during the performance of his duties any official, workman or labourer employed by the Council in any cemetery;

(g) obstruct, resist or oppose the caretaker in the course of his duty or refuse to comply with any order or request which the caretaker is entitled under these by-laws to make;

(h) use or cause any cemetery to be used for any immoral purpose;

*Kinders.*

5. Niemand onder die ouderdom van 12 jaar mag 'n begraafplaas binnegaan nie, tensy sodanige persoon onder die sorg van 'n verantwoordelike persoon is.

*In Paadjies Bly.*

6. Alle persone moet slegs die paaie, wandelpaadjies en graspaadjies wat in 'n begraafplaas verskaf is, gebruik.

*Bantoes en Gekleurdes.*

7. Geen Bantoe of Gekleurde mag sonder die toestemming van die opsigter 'n begraafplaas binnegaan of daarin wees nie.

*In- en Uitgange van Begraafplase.*

8. Niemand mag 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie uitgesonderd deur die hekke wat vir daardie doel verskaf is, en niemand mag 'n kantoor of afgekampte plek in 'n begraafplaas binnegaan nie uitgesonderd in verband met wettige besigheid.

*Niemand mag Traktate of Advertensies Uitdeel nie.*

9. Niemand mag enige besigheid, bestelling of uitstalling werf nie, of traktate, besigheidskaarte of advertensies binne 'n begraafplaas uitdeel of laat nie, en niemand mag 'n pad, wandelpad of graspaadjie in 'n begraafplaas gebruik vir die vervoer van goedere, pakkies of ander materiaal nie, uitgesonderd wanneer dit bestem is vir sodanige gebruik.

*Sit of Klim op Gedenkwerke Verbode.*

10.(1) Niemand mag op of oor 'n gedenkwerk, hek, muur, omheining of gebou in 'n begraafplaas sit, staan of klim nie.

(2) Iemand wat op 'n graf of gedenkwerk sit, klim of staan of daarop loop, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

*Verbode Optrede binne Begraafplase.*

11. Niemand mag —

(a) binne enige begraafplaas tot oorlas wees nie;

(b) 'n dier of fiets binne 'n begraafplaas ry nie;

(c) 'n hond, kat, hoender of ander dier (behalwe soos in artikel 29 beoog) of voël in 'n begraafplaas bring of toelaat dat dit daarin ronddwaal nie. Enige hond, kat of hoender of ander dier of voël in 'n begraafplaas aangetref, kan deur die Raad van kant gemaak word sonder om enige vergoeding aan die eienaar daarvan te betaal;

(d) 'n plant, struik of blom sonder die toestemming van die opsigter plant, afsny, pluk of verwyder nie;

(e) 'n betoog binne 'n begraafplaas hou of daaraan deelneem nie;

(f) enige beampte, werksman of arbeider in diens van die Raad in 'n begraafplaas in die vervulling van sy pligte steur nie;

(g) die opsigter in die vervulling van sy pligte hinder, weerstaan of teengaan nie of weier om aan enige bevel of versoek waartoe die opsigter kragtens hierdie verordeninge geregtig is, te voldoen nie;

(h) 'n begraafplaas vir enige onsedelike doel gebruik of laat gebruik nie;

(i) mark, draw, scribble, erect advertisements or objects on any wall, building, fence, gate, memorial work or other erection within any cemetery or in any other way deface them.

*Complaints.*

12. Any person wishing to lodge a complaint shall lodge such complaint, in writing, with the Town Clerk.

*Charges.*

13. The charges set forth in Schedule A hereto in respect of the various items therein contained, shall be paid to the Council within the times therein mentioned.

*Rights to Graves.*

14. No person shall acquire any right or interest in any ground or grave in any cemetery other than such rights or interests as may be obtainable in terms of these by-laws.

*Consents, Notices and Orders.*

15. Any written consent, notice or other order issued by the Council in terms of these by-laws, shall be signed by the Town Clerk or any officer authorized by him and shall be *prima facie* evidence of the contents of such signed consent, notice or other order.

CHAPTER II.

INTERMENTS.

*Application for, and Purchase of the Use of a Grave.*

16.(1) No person shall inter or cause any body to be interred within any cemetery without the permission of the caretaker. Such permission shall only be granted on submission to the caretaker of written order signed by the Registrar of Deaths, authorizing interment together with notice of such interment. In all cases where a post mortem has been held, the order of the magistrate shall also be submitted to the caretaker.

(2) Any person desiring to have a body interred in a grave shall submit to the caretaker an application in writing in the form set out in Schedule B hereto, and such application shall be signed by the nearest surviving relative of the person whose body will be buried in the grave or such other person as the nearest surviving relative may authorize to sign the application on his behalf: Provided that if the caretaker is satisfied that the signature of the nearest surviving relative cannot be obtained timeously, he may at his discretion grant an application signed by any other interested person.

(3) The Council may, on payment of the charges prescribed in item 1 of Schedule A hereto, sell to any person the use of any grave in the cemetery.

(4) Not more than one interment may be made in a grave except with the written permission of the director.

(5) The Council may inter in a grave free of charge the body of a person who is declared a pauper.

(i) 'n muur, gebou, omheining, hek, gedenkwerk of ander oprigting in 'n begraafplaas merk, daarop teken, dit bekrap of advertensies of ander voorwerpe daarop aanbring of dit op enige wyse ook al skend nie.

*Klagtes.*

12. Iemand wat 'n klagte wil indien, moet sodanige klagte skriftelik aan die Stadsklerk rig.

*Gelde.*

13. Die gelde uiteengesit in Bylae A hierby moet aan die Raad betaal word ten opsigte van die verskillende items wat daarin vervat is en binne die tydperk daarin vermeld.

*Reg op Grafte.*

14. Niemand mag 'n reg of belang by enige grond of graf in 'n begraafplaas verkry nie, uitgesonderd sodanige regte of belange as wat ingevolge hierdie verordeninge verkry kan word.

*Toestemming, Kennisgewing en Lasgewings.*

15. Enige skriftelike toestemming, kennisgewing of ander lasgewing ingevolge hierdie verordeninge deur die Raad uitgereik, moet onderteken word deur die Stadsklerk of enige beampte deur die Stadsklerk gemagtig en is afdoende bewys van die inhoud van sodanige ondertekende toestemming, kennisgewing of ander lasgewing.

HOOFSTUK II.

TERAARDEBESTELLINGS.

*Aansoek om, en Koop van Gebruik van 'n Graf.*

16.(1) Niemand mag sonder die toestemming van die opsigter 'n lyk binne 'n begraafplaas begrawe of laat begrawe nie. Sodanige toestemming word slegs verleen indien 'n skriftelike bevel deur die Registrateur van Sterfgevalle onderteken, waarby teraardebestelling gemagtig word tesame met die kennisgewing van teraardebestelling aan die opsigter getoon word. In alle gevalle waar 'n lykskouing gehou is moet 'n landdroslasbrief ook aan die opsigter getoon word.

(2) Iemand wat 'n lyk in 'n graf wil laat begrawe moet 'n aansoek skriftelik daarom in die vorm wat in Bylae B hierby uiteengesit word, aan die opsigter voorlê, en so 'n aansoekvorm moet onderteken word deur die naaste oorlewende familielid van die oorledene wie se lyk in die graf begrawe sal word of deur iemand anders wat deur die naaste oorlewende familielid gemagtig is om dit namens hom te onderteken: Met dien verstande dat die opsigter 'n aansoek na goeddunke kan toestaan as die vorm deur enige ander belanghebbende persoon onderteken is, mits hy daarvan oortuig is dat die handtekening van die naaste oorlewende familielid nie betyds bekombaar is nie.

(3) Die Raad kan teen betaling van die gelde soos voorgeskryf in item 1 van Bylae A hierby die gebruik van enige graf in die begraafplaas aan enigiemand verkoop.

(4) Daar mag nie, tensy die direkteur skriftelik toestemming daartoe verleen, meer as een teraardebestelling in 'n graf plaasvind nie.

(5) Die Raad kan die lyk van 'n persoon wat as 'n armlastige verklaar is, kosteloos teraarde bestel.

(6) No body shall be buried unless it is placed in a suitable coffin.

*Alteration of Date of Interment.*

17. Should any alteration be made in the day or hour previously fixed for an interment, notice of such alteration shall be given to the caretaker of the cemetery at least 6 hours before the time fixed for such interment.

*Dimensions of Grave Openings.*

18.(1) The standard dimensions of an adult's grave shall be 2 130 mm by 910 mm and those of a child's grave 1 370 mm by 610 mm.

(2) The standard dimensions of the aperture of an adult's grave shall be 2 130 mm in length and 760 mm in width at the shoulders and those of a child's grave 1 370 mm in length and 530 mm in width at the shoulders.

(3) Any person requiring for an interment in an adult's grave an aperture of a size larger than the standard dimensions shall, when giving notice of interment, specify the measurements of the coffin including fittings, and pay the charge prescribed in Schedule A hereto for enlarging the aperture.

(4) The standard dimensions of a plot for adults shall be 2 130 mm in length and 2 130 mm in width.

*Reserving of Graves.*

19.(1) Upon the death of a person any person shall have the right, on payment of the charges prescribed in Schedule A hereto, to reserve one adjoining grave, if available, for future use.

(2) Any person desiring to reserve the use of a grave, shall apply to the caretaker.

*Rights not Transferable.*

20. No person shall, without the written consent of the Council, sell or transfer to any other person any right relating to a grave, which he has obtained or may obtain in terms of the provisions of these by-laws: Provided that every transfer of the right to a reserved grave shall be registered by the caretaker and the registration fee in Schedule A hereto, paid to the Council by the new contractor.

*When a Child's Coffin is Too Large.*

21. Should a child's coffin be too large for the dimensions of a child's grave, it will be placed in an adult's grave and the prescribed charge for an adult's interment shall be paid by the person giving notice of interment.

*Depth of a Grave.*

22. No adult's grave shall be less than 1 800 mm and no child's grave shall be less than 1 500 mm in depth.

*Covering of Earth.*

23. There shall be at least 1 200 mm of earth between any adult's coffin and the surface of the ground and at least 900 mm of earth between a child's coffin and the surface of the ground.

(6) Geen lyk mag begrawe word tensy dit in 'n geskikte doodkis geplaas is nie.

*Verandering van Datum van Teraardebestelling.*

17. Indien enige verandering gemaak word in die reeds vasgestelde dag of uur van die teraardebestelling, moet kennis van sodanige verandering aan die opsigter van die begraafplaas gegee word minstens 6 uur voor die tyd vasgestel vir sodanige teraardebestelling.

*Afmetings van Grafopenings.*

18.(1) Die standaardmate van 'n graf vir 'n volwassene is 2 130 mm by 910 mm en dié van 'n kindergraf 1 370 mm by 610 mm.

(2) Die standaardmate van die opening van 'n graf vir 'n volwassene is 2 130 mm lank en 760 mm breed by die skouers en dié van 'n kindergraf 1 370 mm lank en 530 mm breed by die skouers.

(3) Iemand wat vir die teraardebestelling van 'n volwassene 'n graf wil hê waarvan die opening die standaardgrootte oorskry, moet wanneer hy kennis van die teraardebestelling gee, die mate van die doodkis, met inbegrip van die beslag, opgee, en die gelde vir die vergroting van 'n grafopening wat in Bylae A hierby voorgeskryf word, betaal.

(4) Die standaardmate van 'n perseel vir volwassenes is 2 130 mm lank en 2 130 mm breed.

*Reservering van Grafte.*

19.(1) By die afsterwe van 'n persoon het enigiemand die reg om, teen betaling van die gelde in Bylae A hierby voorgeskryf, een aangrensende graf, indien beskikbaar, vir toekomstige gebruik te reserveer.

(2) Iemand wat die gebruik van 'n graf wil reserveer, moet by die opsigter daarom aansoek doen.

*Regte nie Oordraagbaar.*

20. Niemand mag 'n reg op 'n graf wat hy ingevolge hierdie verordeninge verkry het of kan verkry, sonder die skriftelike toestemming van die Raad aan iemand anders verkoop of oordra nie: Met dien verstande dat elke oordrag van die reg op 'n gereserveerde graf deur die opsigter geregistreer en die registrasiegeld in Bylae A hierby voorgeskryf, deur die nuwe kontraktant aan die Raad betaal moet word.

*Wanneer 'n Kind se Doodkis te Groot is.*

21. As 'n kind se doodkis te groot is vir die afmeting van 'n kindergraf, word die doodkis in 'n graf vir 'n volwassene begrawe en die voorgeskrewe gelde vir die teraardebestelling van 'n volwassene moet betaal word deur die persoon wat kennis van die begrawing gegee het.

*Diepte van 'n Graf.*

22. Geen graf vir 'n volwassene mag minder as 1 800 mm en geen graf vir 'n kind minder as 1 500 mm diep wees nie.

*Bedekking met Grond.*

23. Daar moet minstens 1 200 mm grond tussen die doodkis van 'n volwassene en die grondoppervlakte en minstens 900 mm grond tussen 'n kind se doodkis en die grondoppervlakte wees.

*Coffins in Graves.*

24. No person shall place or cause any coffin constructed from any other material than soft wood or other perishable material to be placed in any grave without the written consent of the Town Clerk or an officer authorized by him: Provided that any attachments to such coffin which normally form part of a coffin, need not be made of soft wood, or other perishable material.

*Number of Bodies in One Grave.*

25. In no case shall the bodies of more than one adult and one child or two children be buried within any grave at the same time without the consent of the Town Clerk or any officer authorized by him.

*Coffin Shall be Covered with Earth.*

26. Every coffin shall, upon being placed in any grave, be covered without delay with at least 300 mm of earth.

*Disturbance of Human Remains.*

27. Subject to the provisions of an exhumation order given in terms of the Inquests Act, 1959 (Act 58 of 1959), or section 46 of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977), or any other provision of any Act relating to the exhumation of bodies, no person shall disturb any mortal remains or any ground surrounding it in any cemetery.

CHAPTER III.

FUNERALS.

*Religious Ceremonies.*

28.(1) The members of any religious denomination may conduct religious ceremonies in connection with any interment or memorial service, subject to the control and by-laws of the Council.

(2) No person shall conduct any religious ceremony according to the rites of any denomination in such portion of any cemetery as may be reserved by the Council for members of other denominations.

*Hearses at Cemeteries.*

29. Any hearse drawn by more than two animals shall not enter any cemetery.

*Exposal of Bodies.*

30. No person shall convey a dead body which is not covered or expose any such body or any part thereof in any street, cemetery or public place.

*Instructions of Caretaker.*

31. Every person taking part in any funeral procession or ceremony in a cemetery shall follow properly in file and shall park his vehicle in such place as is indicated by the caretaker.

*Music Inside Cemetery.*

32. Only sacred singing shall be allowed in any cemetery except in the case of police or military funerals.

*Doodkiste in Grafte.*

24. Niemand mag 'n doodkis wat van enige ander materiaal as sagte hout of ander bederfbare materiaal gemaak is, in 'n graf plaas of laat plaas nie, sonder om skriftelike toestemming van die Stadsklerk of 'n deur hom gemagtigde amptenaar te verkry nie: Met dien verstande dat enige aanhangsels tot sodanige kis wat normaalweg deel vorm van so 'n kis nie noodwendig van sagte hout of ander bederfbare materiaal gemaak hoef te wees nie.

*Aantal Lyke in Een Graf.*

25. In geen geval mag die lyke van meer as een volwassene en een kind of twee kinders gelyktydig in dieselfde graf, sonder die toestemming van die Stadsklerk of 'n deur hom gemagtigde beampte begrawe word nie.

*Bedekking van Doodkis met Grond.*

26. Elke doodkis moet, sodra dit in 'n graf geplaas is, sonder verwyl met minstens 300 mm grond bedek word.

*Versteuring van Menslike Oorskot.*

27. Onderworpe aan die bepalings van 'n opgrawingsbevel ingevolge die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet 58 van 1959), of artikel 46 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), of enige ander bepaling van enige Wet insake die opgrawing van lyke, mag niemand enige stoflike oorskot of enige grond wat dit begrens in 'n begraafplaas versteur nie.

HOOFSTUK III.

BEGRAFNISSE.

*Godsdiensoefening.*

28.(1) Die lede van enige godsdienstige genootskap kan godsdiensoefeninge hou in verband met enige teraardebestelling of herdenkingsdiens, onderworpe aan die beheer en verordeninge van die Raad.

(2) Niemand mag godsdiensoefeninge hou volgens die gebruike van enige genootskap in sodanige gedeelte van 'n begraafplaas as wat deur die Raad afgesonder is vir lede van ander genootskappe nie.

*Lykwaens by 'n Begraafplaas.*

29. 'n Lykwa wat deur meer as twee diere getrek word, mag nie 'n begraafplaas binnegaan nie.

*Ontbloting van Lyke.*

30. Niemand mag 'n lyk wat onbedek is, vervoer of sodanige lyk of 'n deel daarvan in 'n straat, begraafplaas of publieke plek ontbloot nie.

*Opdragte van Opsigter.*

31. Elkeen wat aan 'n begrafnisstoet of -plegtigheid in 'n begraafplaas deelneem moet behoorlik in gelid volg en moet sy voertuig op sodanige plek parkeer as wat deur die opsigter aangewys word.

*Musiek Binne Begraafplaas.*

32. Slegs gewyde sang mag binne 'n begraafplaas beoefen word behalwe in die geval van polisie- of militêre begrafnisse.

*Interments Attended by Large Numbers of People.*

33. In any case where it is probable that an unusually large number of persons will be present at any interment, the person giving notice of such interment shall notify the fact to the caretaker the day before the funeral.

*Occupation of Chapel or Shelter.*

34. No person shall for the purpose of a funeral occupy any chapel or shelter in a cemetery for more than 30 minutes.

*Hours for Interments.*

35. No interment shall be held before 09h00 and after 16h00 on any day.

*Numbers of Graves.*

36. No person shall fix a peg on any grave not properly allocated in terms of these by-laws and no person shall inter a body in any grave on which a peg marked with the number of the grave, has not been lawfully fixed.

CHAPTER IV.

EXHUMATION OF BODIES AND RE-OPENING OF GRAVES.

*Opening of Graves.*

37. Subject to the provisions of the Removal of Graves and Dead Bodies Ordinance, 1925 (Ordinance 7 of 1925), and of any other provision of any law on the same subject, no grave may be opened without the written consent of the Town Clerk.

*Exhumations.*

38. Subject to the provisions of sections 27 and 37 no person shall exhume or cause any body to be exhumed or removed without the written consent of the Town Clerk and the Medical Officer of Health and the charges for exhumation mentioned in Schedule A hereto shall in every case be paid before the exhumation takes place. Such permission shall be submitted to the caretaker at least two days before the date fixed for the exhumation or removal of such body.

*Time of Exhumation.*

39. No person shall exhume or cause a body to be exhumed during such time as the cemetery is open to the public, except as provided in these by-laws.

*Screening of Activities.*

40. The grave from which any body is to be removed shall be effectively screened from view by the undertaker during the exhumation.

*Medical Officer of Health shall be Present.*

41. No exhumation or removal by any person shall take place unless the Medical Officer of Health or his duly authorized representative is present.

*Begrafnisse wat deur Groot Getalle Persone Bygewoon word.*

33. Wanneer die waarskynlikheid bestaan dat 'n buitengewone groot aantal persone by enige begrafnis teenwoordig sal wees, moet die persoon wat van sodanige begrafnis kennis gee, die opsigter die dag tevore daarvan in kennis stel.

*Besetting van Kapel of Beskutting.*

34. Niemand mag 'n kapel of beskutting in 'n begraafplaas vir die doel van 'n begrafnis langer as 30 minute beset nie.

*Ure vir Teraardebestellings.*

35. Geen teraardebestelling mag voor 09h00 of na 16h00 op enige dag gehou word nie.

*Nommers van Grafte.*

36. Niemand mag 'n pen op 'n graf wat nie behoorlik ingevolge hierdie verordeninge toegewys is, vassit nie, en niemand mag 'n lyk in 'n graf begrawe nie waarop daar nie 'n pen met die nommer van die graf daarop gemerk, wettig vasgesit is nie.

HOOFSTUK IV.

OPGRAWING VAN LYKE EN HEROPENING VAN GRAFTE.

*Oopmaak van Grafte.*

37. Onderworpe aan die bepalings van die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte Ordonnansie, 1925 (Ordonnansie 7 van 1925), en van enige ander bepalings van enige Wet oor dieselfde onderwerp, mag geen graf sonder die skriftelike toestemming van die Stadsklerk oopgemaak word nie.

*Opgrawings.*

38. Behoudens die bepalings van artikels 27 en 37 mag niemand 'n lyk sonder die skriftelike toestemming van die Stadsklerk en die Geneeskundige Gesondheidsbeampte opgrawe of laat opgrawe of verwyder nie en die gelde vir opgrawing voorgeskryf in Bylae A hierby, moet in elke geval betaal word voordat die opgrawing plaasvind. Sodanige toestemming moet minstens twee dae voor die voorgestelde datum vir die opgrawing of verwydering van so 'n lyk by die opsigter ingedien word.

*Tyd van Opgrawe.*

39. Niemand mag 'n lyk opgrawe of laat opgrawe gedurende die tyd wat die begraafplaas vir die publiek oop is nie, behalwe soos bepaal in hierdie verordeninge.

*Afskerming van Werksaamhede.*

40. Die graf waaruit 'n lyk verwyder moet word, moet doeltreffend tydens die opgrawing teen aanskoue afgeskerm word deur die begrafnisondernemer.

*Geneeskundige Gesondheidsbeampte moet Teenwoordig wees.*

41. Geen opgrawing of verwydering mag deur enige persoon gedoen word nie tensy die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of sy gemagtigde verteenwoordiger aanwesig is.

*Transfer of Body from One Grave to Another by the Council.*

42. Should the transfer of a body be deemed expedient by the Council at any time or should any provision of these by-laws be contravened during the interment of a body in any grave, the Council may, after having complied with the provisions of the Removal of Graves and Dead Bodies Ordinance, 1925, transfer such body to another grave and, if possible, any relative of such deceased person resident within the municipality, shall be notified accordingly.

## CHAPTER V.

## CARE OF GRAVES.

*Graves shall be Kept Clear of Weeds and in Proper Order.*

43. The contractor in respect of any grave shall keep such grave clear of weeds and in proper order. Should the contractor fail to do so, the Council may itself do or cause the necessary work for the above-mentioned purpose to be done and to recover the cost thereof from the contractor.

*Shrubs and Flowers.*

44. With the exception of the Council, no person may plant any shrub, plant or flower upon any grave. No shrub, plant or flower shall be cut or carried away by any person without the consent of the caretaker, and the Council shall have the right to prune, cut down, dig up or remove any shrub, plant or flower at any time.

*Care of Graves.*

45. The Council may at its discretion undertake to keep any grave in order for any period.

## CHAPTER VI.

## ERECTION AND MAINTENANCE OF MEMORIAL WORK.

*Written Consent of Council.*

46. No person shall bring into a cemetery, erect, alter, paint, renovate, remove or otherwise interfere with any memorial work or cut any inscription thereon in any cemetery without the consent, in writing, of the Council and of the contractor of such grave.

*Position of Memorial Work.*

47. No person shall erect any memorial work on any grave except in such position as the caretaker may direct or as otherwise provided in these by-laws.

*Repairs to Memorial Work.*

48. Should the contractor of a grave allow any memorial work to fall into such a state of disrepair that it may, in the opinion of the Council, cause danger or deface any cemetery, the Council may order him by notice, in writing, to make such repairs as the

*Verplasing van Lyk van Een Graf na 'n Ander deur die Raad.*

42. Indien die verplasing van 'n lyk te eniger tyd deur die Raad wenslik geag word, of indien enige bepaling van hierdie verordeninge oortree is tydens die teraardebestelling van 'n lyk, kan die Raad sodanige lyk na 'n ander graf laat verplaas nadat die bepalings van die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte Ordonnansie, 1925, nagekom is, en enige naasbestaandes van sodanige afgestorwe persoon wat binne die munisipaliteit woon moet, indien moontlik, daarvan in kennis gestel word.

## HOOFSTUK V.

## VERSORGING VAN GRAFTE.

*Graf moet Skoon van Onkruid en in Behoorlike Orde Gehou word.*

43. Die kontraktant ten opsigte van elke graf moet sodanige graf skoon van onkruid en in behoorlike orde hou. As die kontraktant nalaat om sulks te doen, kan die Raad self die nodige werk vir bovermelde doeleindes doen of laat doen en die koste daarvan op die kontraktant verhaal.

*Struike en Blomme.*

44. Met die uitsondering van die Raad, mag niemand enige struikgewas, plant of blom op enige graf plant nie. Sonder die toestemming van die opsigter mag geen struikgewas, plant of blom deur enige persoon afgesny of weggeneem word nie en die Raad kan te eniger tyd enige struikgewas, plant of blom snoei, afkap, uitgrawe of verwyder.

*Versorging van Grafte.*

45. Die Raad kan na goeddunke onderneem om enige graf vir enige tydperk te onderhou.

## HOOFSTUK VI.

## OPRIGTING EN INSTANDHOUDING VAN GEDENKWERK.

*Skriftelike Toestemming van Raad.*

46. Niemand mag enige gedenkwerk binne 'n begraafplaas bring, oprig, verander, skilder, opknap, verwyder of hom andersins daarmee bemoei, of 'n grafskrif in 'n begraafplaas insny sonder die skriftelike toestemming van die Raad en van die kontraktant van sodanige graf nie.

*Posisie van Gedenkwerk.*

47. Niemand mag 'n gedenkwerk op 'n graf oprig nie, uitgesonderd in sodanige posisie as wat die opsigter aanwys, of soos andersins by hierdie verordeninge bepaal.

*Herstel van Gedenkwerk.*

48. Indien die kontraktant van 'n graf enige gedenkwerk in sodanige toestand laat verval dat dit na die mening van die Raad gevaar kan veroorsaak of 'n begraafplaas ontsier, kan die Raad hom per skriftelike kennisgewing gelas om sodanige reparasies aan te bring

Council may deem necessary and should the address of the contractor be unknown to the Council, such notice may appear in both official languages in any daily newspaper circulating within the municipality. Should the required repairs not be carried out within one month of serving such notice or the publication thereof, the Council may itself carry out such repair or remove the memorial work without paying any compensation and recover the cost of such repairs or removal from the contractor.

*Supervision of Work.*

49. Any person engaged upon any memorial work in a cemetery shall effect such work under the supervision and to the satisfaction of the caretaker.

*Damaging of Memorial Work.*

50. The Council shall in no case accept responsibility for any damage which may at any time occur to any memorial work, and which is not due to the negligence of the Council's employees.

*Moving of Memorial Work.*

51. The Council may, after due notice, at any time change or alter the position of any memorial work in any cemetery and recover the cost thereof from the owner of such memorial work: Provided that in any case, where any memorial work has originally been placed in a certain position with the express consent of the Council or its employees, any alteration of such position in terms of the provisions of this section shall be executed at the expense of the Council.

*Bringing Material into Cemetery.*

52. No person shall bring into the cemetery any material for the purpose of constructing therewith any memorial work on any grave, unless and until —

(a) a sketch with the essential dimensions in figures of the proposed memorial and showing the position of the proposed work, accompanied by a specification of the materials to be used in addition to a copy of any proposed inscription has been submitted to the Council at least three days prior to the date on which such material is intended to be brought into any cemetery;

(b) all charges due in respect of such grave or plot have been duly paid;

(c) the Council's written approval of the proposed work has been given to the applicant; and

(d) the grave number has been neatly engraved on the rear of the memorial work.

*Removal of Memorial Work by the Council.*

53. Any memorial work placed, built, altered, decorated, painted or otherwise dealth with in any cemetery in such manner that any provision of these by-laws is contravened thereby, may be removed by the Council after due notice without payment of any compensation.

*Requirements for Erection of Memorial Work.*

54. Any person erecting any memorial work shall comply with the following requirements:

as wat die Raad nodig ag, en as die adres van die kontraktant nie by die Raad bekend is nie, kan sodanige kennisgewing in beide amptelike tale gepubliseer word in 'n dagblad wat binne die munisipaliteit gelees word. Ingeval die verlangde reparasies nie binne een maand na die betekening of verskyning van so 'n kennisgewing uitgevoer word nie, kan die Raad dit self uitvoer of die gedenkwerk verwyder sonder betaling van enige vergoeding en die koste van sodanige reparasies of verwydering op die kontraktant verhaal.

*Toesig Oor Werk.*

49. Iemand wat in 'n begraafplaas aan enige gedenkwerk werk of dit oprig, moet sodanige werk onder toesig en tot voldoening van die opsigter uitvoer.

*Beskadiging van Gedenkwerk.*

50. Die Raad aanvaar in geen geval aanspreeklikheid vir skade wat te eniger tyd aan enige gedenkwerk aangerig word nie, en wat nie aan die nalatigheid van die Raad se werknemers te wyte is nie.

*Verplasing van Gedenkwerk.*

51. Die Raad kan te eniger tyd, na behoorlike kennisgewing, die posisie van enige gedenkwerk in 'n begraafplaas verander en die koste in verband daarmee aangegaan op die eienaar van sodanige gedenkwerk verhaal: Met dien verstande dat in enige geval waar gedenkwerk oorspronklik met die uitdruklike toestemming van die Raad of sy werknemers in 'n sekere posisie geplaas is, enige verandering van sodanige posisie ingevolge die bepalings van hierdie artikel op koste van die Raad uitgevoer word.

*Inneem van Materiaal in Begraafplaas.*

52. Niemand mag enige materiaal in 'n begraafplaas bring met die doel om daarmee gedenkwerk op enige graf op te rig nie, tensy en voordat —

(a) 'n skets met die essensiële afmetings in syfers van die voorgenome gedenkwerk daarop en wat die posisie aantoon van die voorgenome werk, vergesel van 'n spesifikasie van die materiaal wat gebruik sal word, benewens 'n afskrif van enige voorgenome grafskrif, voorgelê is aan die Raad minstens drie dae voor die dag waarop dit die voorneme is om sodanige materiaal in 'n begraafplaas te bring;

(b) alle verskuldigde gelde ten opsigte van so 'n graf of perseel behoorlik betaal is;

(c) die Raad se skriftelike goedkeuring vir die voorgestelde werk aan die applikant gegee is; en

(d) die grafnommer netjies agter op die gedenkwerk gegraveer is.

*Opruiming van Gedenkwerk deur die Raad.*

53. Enige gedenkwerk wat geplaas, gebou, verander, versier, geskilder, of andersins in 'n begraafplaas op so 'n wyse behandel word dat enige bepaling van hierdie verordeninge daardeur oortree word, kan na redelike kennisgewing deur die Raad weggeneem word sonder betaling van enige vergoeding.

*Vereistes vir Oprigting van Gedenkwerk.*

54. Iemand wat enige gedenkwerk oprig, moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Where any part of any memorial work is to be joined to any other part, copper or galvanised iron cramps, pins or dowels of approved thickness and of sufficient length shall be used for such purpose. The holes into which such cramps, pins or dowels must fit, shall not be less than 50 mm deep.

(b) Any part of such work which rests upon the ground or any stone or other foundation shall be fairly squared and bedded.

(c) No stones of uneven thickness, or having any corner wanting, shall be used unless shown on the sketch submitted in terms of section 52(a).

(d) The undersides of all memorial work shall be set at least 50 mm below the natural level of the ground.

(e) Without the written consent of the Council, no kerb-stones shall be used which protrude more than 230 mm above the surface of the ground, or are more than 200 mm thick.

(f) All head and kerb-stones shall be properly secured from the inside with round copper or galvanised iron pins.

(g) All headstones up to 150 mm in thickness shall be securely attached to the base in an approved manner.

(h) All memorial work shall be completed as far as possible before it is brought into any cemetery.

(i) In the case of single graves, foot kerbs shall consist of one solid piece.

(j) No soft stone shall be used for memorial work and memorial work shall be constructed or made of marble or granite or any other proved hard stone or other material approved by the Council.

(k) No person shall do any stonework, chisseling or other work upon any memorial work not connected with the fixing of such memorial work within any cemetery except where such work is expressly permitted in terms of these by-laws.

(l) All memorial work shall have an adequate concrete foundation traversing the head of the grave and where joints occur in the kerb-stone, all joints shall be filled with good cement mortar. This foundation shall protrude 150 mm on either side of the stone.

(m) Where memorial work has a base on ground level, such base shall be not less than 910 mm wide by not less than 300 mm by 300 mm.

(n) Any letters on memorial work shall be engraved thereon and shall not protrude from the surface of the memorial work.

(o) With the consent of the contractor the name of the maker may be affixed to any memorial work: Provided that no address or other particulars shall be added thereto.

*Conveying of Memorial Work.*

55. The conveying for any stone, brick or memorial work or any part thereof along paths between graves may only be undertaken by means of a trolley fitted

(a) Waar 'n gedeelte van die gedenkwerk verbind moet word met 'n ander gedeelte, moet koper- of gegalvaniseerde ysterpenne of houtpenne van goedgekeurde dikte en voldoende lengte vir dié doel gebruik word. Die gate waarin sodanige penne of houtpenne moet pas, moet minstens 50 mm diep wees.

(b) Enige gedeelte van sodanige werk wat op die grond of 'n klip- of ander fondering rus, moet behoorlik haaks gelê en versink word.

(c) Geen klippe van ongelyke dikte of waarvan daar 'n hoek af is, mag gebruik word nie, tensy aangetoon in die skets voorgelê ingevolge artikel 52(a).

(d) Die onderkante van alle gedenkwerk moet minstens 50 mm laer as die natuurlike oppervlakte van die grond geplaas word.

(e) Sonder skriftelike toestemming van die Raad mag geen randstene wat meer as 230 mm bokant die oppervlakte van die grond uitsteek of wat meer as 200 mm dik is, gebruik word nie.

(f) Alle grafstene en randstene moet deeglik van die binnekant af met ronde koper- of gegalvaniseerde ysterpenne vasgesit word.

(g) Alle grafstene tot op 150 mm dikte moet deeglik aan die voetstuk op 'n goedgekeurde wyse vasgesit word.

(h) Alle gedenkwerk moet eers sover moontlik voltooi word voordat dit in 'n begraafplaas gebring word.

(i) Voetstukke van enkel grafte moet uit een soliede stuk bestaan.

(j) Geen sagte klip mag vir enige gedenkwerk gebruik word nie en gedenkwerk moet slegs van marmer of graniet of ander erkende harde klip gebou of gemaak word of van 'n ander materiaal deur die Raad goedgekeur.

(k) Niemand mag binne 'n begraafplaas klipwerk, beitel- of ander werk aan enige gedenkwerk verrig nie, wat nie in verband staan met die vassit van sodanige werk nie, uitgesonderd waar sodanige werk uitdruklik ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge toegelaat word.

(l) Alle gedenkwerk moet oor 'n doeltreffende fondament van beton beskik, dwarsoor die koppenent van die graf, en waar nate in die randsteen verskyn, moet alle nate met goeie sementdagha gevul word. Hierdie fondament moet 150 mm aan altwee kante van die grafsteen uitsteek.

